

Hoofstuk van die dag: Esegiël 40 – 43

Mens, jy moet die tempel vir Israel beskrywe, sodat hulle kan skaam kry oor hulle oortredings. Laat hulle die plan van die tempel nagaan, […] sodat hulle die hele uitleg van die tempel en al die voorskrifte wat vir hom geld, in ag kan neem en daarvolgens kan optree. (Eseg 43:10-11)

Salomo se tempel was die sentrum van Juda se geestelike lewe; ’n kragtige simbool van God se blywende teenwoordigheid. Maar dié tempel is verwoes. Tog het God nie sy mense sonder hoop gelaat nie. By monde van Esegiël kondig Hy aan dat Hy ’n geheel nuwe tempel beplan. Die uitleg van die nuwe tempel word in Eseg 40 – 42 in fyn besonderhede beskryf.
Die doel van dié uitvoerige beskrywing was om die Jode te laat skaam kry oor hulle oortredings en mislukkings as God se mense, en hulle te laat besef dat hulle God nodig het. Soos die man in Esegiël se visioen God se nuwe tempel noukeurig afgemeet het, moes hulle hulle eie lewe in oënskou neem en ’n voorraadopname voor God maak.
Dieselfde beginsel geld vir ons. In ons diepste nood, in tye van groot verlies of vrees, roep God ons tot selfondersoek, en om dan daarop te fokus dat Hy altyd by ons is (43:7).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026